**Adullam Sending**



# Gebedsbrief

*… een in liefde, een van hart, een in strewe*




## Indien u betrokke wil raak

Indien die Here dit op u hart lê en u graag by Adullam Sending se projekte betrokke wil raak, is u welkom om ons te kontak. Adullam-kantoor: Tel (017) 689 2001 / 4 of E-pos: adullamaca@secunda.co.za. Die Here seën u!

## Kersgety … Seisoen van Omkeer

**En al die bome van die veld sal weet dat Ek, die HERE, die hoë boom verneder, die nederige boom verhoog het; die groen boom laat verdroog en die droë boom laat bloei het. Ek, die HERE, het dit gespreek en gedoen.**
**Esegiël 17:24**

Die Here kan dinge omkeer en doen dit ook dikwels in ons lewens, maar hier verwys dit spesifiek na Jesus Christus: Die hoë boom word verneder en verdroog en die nederige boom verhoog en laat bloei. Jesus sê in Matt.23:12: “Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word”.

Met Kersfees vier ons juis dit: die groot omkeer van alles.

### Die feit rondom die groot omkeer

**Dié omkeer** het twee pole: Vernedering en Verhoging.

**Vernedering** is die omkeer van groot na klein; van eer wat eindig in skande. Elke bron is verdroog. Voorspoed loop uit op nood en armoede.

**Verhoging** aan die anderkant is die omkeer van klein na groot. Die takkie wat 'n Seder word - die vernederde Jesus word die groot Redder en verhef tot die regterhand van God. Die droë boom floreer en bloei. Op die skande van die kruis volg die vryspraak wat beskikbaar is vir ons elkeen.

So het Christus die uiterste vernedering deurgegaan om mens te word, te sterf en vir 'n wêreld - siek aan sy sonde - te betaal. Dit is dié wonder wat ons in hierdie dae vier. Maar vir die wonder om in ons lewens te gebeur, moet ons elkeen ons voor Christus Jesus verneder, ons eie sonde sien, bely en daarvan wegdraai sodat ons verhoog kan word. Wat ‘n voorreg tot vernuwing!

Indien dit nie gebeur nie, sal ons vernedering op die oordeelsdag plaasvind.

### Die rede vir die omkeer

Dit word aan God toegeskryf. Hy verhoog en Hy verneder. Niks is vir Hom te groot om om te keer nie. Dit is nie dat God teen die voorspoed van sy kinders is nie. Die vraag is of ons met God in die tye van voorspoed rekening hou. Dit is nie dat God bloot die hoë verneder en die lae verhoog nie. Nee, vernedering is die straf op die soek van eie belang, en verhoging die beloning vir self-opoffering (Sien hoe Paulus dié les aflei uit die kruis). Fil. 2:4-11

### Die sigbaarheid van die omkeer

Al die bome van die veld sal weet. Die handelinge van God is in die ope. Die skande sal nie verberg kan word nie. Die hoë sal in die modder getrap word en almal sal dit weet. Net so sal die verhoging van die vernederde ook nie geheim wees nie!

Die bogenoemde feite hou 'n waarskuwing in vir die trotse en die een wat sy eie belang soek, maar ook 'n bemoediging vir die nederige en die onselfsugtige. Laat ons hierdie Kersfees vier met die gesindheid van dank aan God wat mens geword het en laat ons met ons hele lewe Jesus se voorbeeld na-leef.

**Mag die Kerstyd vir u elkeen 'n wonderlike ervaring wees. Mag u in 2010 God se seën beleef.**
**Dankie vir al u gebede en bydraes vir die werk hier. Ons waardeer dit opreg.**
**Mag die Here u seën.**

*Japie Malan*
**Adullam Sending**

# A Disciple whilst Cleaning

I absolutely love my job. I do not like sitting still but have to keep busy. At first I was very unsure if I would be able to do the big task lying ahead of me. It looked so overwhelming. But the Lord provided me with a wonderful and very patient mentor who have taught me all the things I needed to know to do my job well.

My two eldest daughters are since the end of the year, in Adullam Christian Academy. The programme that the school uses (ACE®) is Biblically based and therefore plays a big role in their education. Not only have they in a short time learned to memorize Scripture, but they also now meditate on it! Me and my husband can testify that already we can see the fruit of discipline on our children. They are obedient and show respect to us, their friends and fellow-workers.

In the short time since we moved here, I have learned so much. I greatly appreciate how the Lord bit by bit teach me how to be humble, to stay quiet and to listen. Not to speak quickly. I have learned to respect others, to be faithful in every little thing, to share and be honest. To appreciate the Lord's providence.

Every day in every way the Lord faithfully continues to mould me.

*Coletta*
**Cleaning Lady**

# Jeuguitreike

Weeksoggende besoek drie medewerkers beide laer en gekombineerde skole in die Trichard, Embalenhle, Evander en Leandra-omgewing. Die geleentheid word gegee om skoolbyeenkomste met Skriflesing en gebed te open. Smiddae fasiliteer hierdie selfde groep die LCC- studente (Let Children Come) wat 'n oorgawe aan die Heer Jesus gemaak het, om meer van Hom te leer en saam in die Woord te groei. Hierdie is 'n informele geleentheid waar kinders geleer word om die Woord prakties in hulle gemeenskap te deel met koorsang, opvoerings en videovertonings.

Daar heers tans 'n groot opgewondenheid oor die opkomende Leier Opleidingskursus wat geskeduleer is vir Februarie-maand 2010. Nuutverkose prefekte (studente leiers) van skole word uitgenooi om bogenoemde tweedag-kursus by te woon. Hier word hulle opgelei in die Bybel se beginsels van leierskap en karakterontwikkeling. Hierdie is nie 'n passiewe kursus nie - alle kursusbywoners ondergaan assessering op die tweede dag en slegs suksesvolles ontvang 'n sertifikaat.

Ons is die Here dankbaar vir ons medewerkers Thomas, Isaac en Phillip wat so getrou die Boodskap daagliks aan kinders bring, ondanks reënweer, sonskyn, te voet of gevare. Bid asseblief vir hulle vir bemoediging, krag en om elke dag in die Here te bly wandel. Bid ook asseblief dat die Here hierdie deure vir ons sal oop hóú sodat ons kan voortgaan om Sy Woord daagliks in skole te bedien.

# Gemeenskapsuitreike

Gedurende Novembermaand is aanddienste in Leslie en die Bethal-omgewing (informele woonbuurtes) gehou. Samekomste gedurende hierdie maand het 18:00 begin en teen 22:00 afgesluit. Omtrent dertig kindertjies en volwassenes het elke diens bygewoon. Die boodskap is o.a. deur videovertonings en preke in Zulu bedien. Beraders was na afloop van elke diens beskikbaar vir individue wat 'n oorgawe vir Christus wou maak.



Ons loof die Here dat ons die sigbare vrug op hierdie uitreike kan beleef. Van die tentdiensbesoekers besoek al die afgelope paar Sondae kerkdienste op Adullam. Alle dienste op die Sending word in Zulu getolk.

Bid asseblief dat nuwe gelowiges werklik die verskil van 'n Nuwe Lewe sal leef in 'n verlore en hooplose gemeenskap. Dat hulle sal verstaan dat vrygemaaktes vry is van alle bindinge en verledes wat voor Hom neergelê word. Bid ook dat hulle alle bande van vrees weens tradisie en voorvaderaanbidding sal breek en voluit vir Jesus sal leef.

# Opleiding

Die King's Crayons, Adullam Christian Academy se speelgroepie, gebruik die Step-by-Step® leerplan - spesifiek ontwerp vir kinders tussen 4 en 5 jaar. Hierdie is 'n wonderlike program gebaseer op die Woord. Kleuters en peuters word elke dag in alle akademiese, emosionele en fisiese vlakke onderrig.



We are His workmanship
Ephesians 2:10

In 2005 het ons begin om vroue wat die hart om die Evangelie op 'n speel-speel manier aan kinders oor te dra, op te lei. 'n Vereiste vir opleiding is dat hierdie vroue 'n verhouding met die Heer Jesus moet hê, sowel as 'n liefde vir kinders. Opleiding duur drie weke waartydens ons hulle nuwe vaardighede leer, asook hoe om met die leerprogram te werk. Opknappingskursusse word jaarliks gehou om te verseker dat elke opgeleide juffrou nuwe vaardighede en idees bly leer en om te sien of hulle geestelik en in hulle werk gegroei het. Ons ondervind dat hierdie kursusse vir al die juffrouens baie bemoedigend en opbouend is (ouderdomme wissel so vanaf 15 tot 25 jaar). Hulle spaar maande vooruit en sien baie uit na elke opleiding- en opknappingsessie.

# Besoek aan Malalane

Gedurende 2009 het ek twee vroue van Kwasizabantu Sending in die Malalane-distrik, in die Step-by-Step® leerprogram opgelei. Hierdie twee vroue het my uitgenooi om die opening tydens die inwyding van bogenoemde Sending se nuwe skoolgebou waar te neem. 'n Onafhanklike maatskappy met takke regoor die wêreld, het finansieel en in mannekrag bygedra tot die voorbereidingswerk van die skool. Hierdie is die eerste skooltjie in die Malalane-distrik. Met die inwyding het groot opgewondenheid geheers en die kindertjies het in Engels die verhaal van die verlore seun opgevoer. Dit was absoluut wonderlik, aangesien hulle in hierdie jaar vir die eerste keer in hulle lewens met Engels kennis gemaak het!

*Crista Scholtz*
**Step-by-Step Leerprogram Opleiding**

# Groentetuine

Tans het ons twee beplante landerye vir die verbouing van 'n verskeidenheid groentes. Land 1: ± 60 m x 80 m  Land 2**:** ± 100 m x 60 m (nuut beplant)



In bogenoemdes word spinasie, beet, kool, uie, blomkool en mosterdspinasie verbou. Tans is ons besig met die aanplant van wortels.

Ons is baie opgewonde oor die 3de landery wat omtrent 200 m x 160 m beslaan. Hier is mielies en pampoene geplant.

Deur die groenteverkope kom ons in kontak met 'n groot verskeidenheid mense. Die Here gee ook hier vir ons 'n **geleentheid** om die Woord in verskillende gemeenskappe te bedien. Groente word in Embalenhle, Osizweni, tydens kerkbasaars, markdae, op die Sending self en tydens skoolgeleenthede verkoop. Ons is die Heer so dankbaar vir Sy goedheid!

Bid asseblief saam met ons vir voltydse, betroubare en bevoegde werkers, betroubare masjienerie sodat groente betyds geoes kan word, 'n permanente mark en vir ons visie van 'n klein winkeltjie op beskikbare en bekostigbare grond.

# Producing a crop in more than one Way

I've been taught much about who I am whilst working in the garden. God enables us to be and do so much more than we ever dreamed we were capable of doing. I never thought I could rotavate, do ground tilling, plant seeds and watch a healthy crop come from the ground. It is true that the Lord is the One who **equips** us for the work He calls us to!

*Phillip*
**Worker and Manager of Vegetable Garden**

# Kweekhuisprojek: Tamatieverbouing





Met die hidroponiese projek gaan dit goed. Die groot kweekhuis is druk aan die gang en ons pluk al die afgelope maand tamaties van een derde van die tonnel (1 300 plante) . Teen middel Desember behoort die volgende derde (1 300 plante) in produksie te wees. Ons is dus nou al goed besig! Die laaste derde behoort ons teen middel Januarie 2010 te kan pluk.

**Ons is dankbaar** vir almal wat ons produkte koop, vir die deure wat die Here vir ons oopmaak en op die manier voorsien dat verkope kan voortgaan.

Ons is waarlik geseënd dat die plante sover geen siektes het nie. Ons bid daagliks teen siektes en kan getuig dat die Here getrou is in Sy beskerming.



Ook die werkers is gesond en werk goed saam; oortyd, na ure en heeltyd gaan ons skouer aan skouer vorentoe!

Bid asseblief saam met ons vir 'n goeie afsetgebied sowel as 'n goeie verkoopprys. Alle fondse wat geïn word, gaan vir die nodige onderhoud, beplande kweekhuisuitbreidings en vir al ons mense in die sendingveld.



**Mag die seën van die Here rus<br>op elke leser en<br>elkeen betrokke by<br>sendingwerk.**

# Inni Pyplyn: Soetrissies



Ons is besig met proefneming oor die moontlikheid om soetrissies (greenpeppers) te verbou. Ons plant tans op klein skaal - so 200 plantjies - om te kan bepaal hoe gunstig hulle aanpas.

Bid asseblief saam met ons vir wysheid en insig om die wil van die Here ook in hierdie projek te ken en te volg.

*Johan Steenkamp*<br>**Kweekhuisprojekte**

**Net 'n Gedagte: Goedhartigheid is 'n taal wat dowes kan hoor en blindes kan sien.**






**God is liefde**<br>**juig ons harte en bedink wat liefde doen ...**<br>**dat Hy ons Sy Seun gestuur het, om ons sonde te versoen.**<br>**Hy wat eerste liefgehad het, het in liefde ons vergeef -**<br>**nou kan ons uit God gebore uit die**<br>**bron van liefde leef!**



# Gebedsbrief

*... een in liefde, een van hart, een in strewe*

**Adullam Sending Posbus 7077 Secunda 2302 Mpumalanga Suid-Afrika**